

KOMMUNIKAMMA 7 AUGUSTUS 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 7 Augustus

Skriflesing: Mark 4:1-9; 13-20

Tema: Die Bybel as goeie saad

<https://youtu.be/Qsu0SjwK3IQ>

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

09:00 GESAMENTLIKE DIENS

Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Jeug

Maandag 8 Augustus

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE. Almal is welkom om die gebedsgeleentheid by te woon.

Dinsdag 9 Augustus

Nasionale Vrouedag

Woensdag 10 Augustus

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak

Kraggakamma gemeente het al R368 288,29 se kos aangekoop. Daar is nog net fondse beskikbaar vir 3 maal se aankope. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

18:00 SELGROEOPLEIERS-VERGADERING

Donderdag 11 Augustus

09:30 FONTEINVRIENDE

Almal is welkom om die heerlike kuier-oggend saam met die Fonteinvriende te kom geniet.

Vrydag 12 Augustus

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

Sondag 14 Augustus

09:00 GESAMENTLIKE NAGMAALDIENS

SAKE vir GEBED:

- Vir die geestelike nood van Christene in Oekraïne, dat hulle volhard in geloof en dat hulle hulle oë op Jesus sal hou.
- Die hele Europa, dat hulle sal terugkeer na God.
- Dank die Here vir reën en bid steeds dat dit in die opvangsgebiede sal reën.
- Die 7 weke reeks wat op 14 Augustus sal begin. Ons bid dat alle gemeentelike entoesiasies sal deelneem.
- Daar is baie min fondse beskikbaar vir die voedselhulp aan PE Noord. Ons bid ernstig vir fondse of produkte, want die nood is baie groot.
- Ons bid vir die verandering in ons plaaslike regering en dat dit sal lei tot die effektiewe bestuur van die Metro.
- Baie mense het hulle werk verloor. Ons bid dat daar deure vir hulle sal oopgaan en dat hulle moed sal hou.
- Ons bid vir almal wat geraak is deur die tragiese motorongeluk waarin Beyers Rademeyer, Hanneke Rademeyer se man oorlede is en Ryno Lingenfelder ernstig beseer is. Ryno se vrou is Samantha Lingenfelder en Amanda Lingenfelder is sy ma. Rynhardt Potgieter is ook in die ongeluk oorlede. Bid vir ander mense wat by die ongeluk betrokke was. Ons gebede omring hierdie groep mense. Ons bid vir vertroosting en bemoediging en dat hulle innig van ons Heer se liefde en genade bewus sal wees.
- Ons bid vir Carol Botha en Peter Crous met die afsterwe van hulle broer.
- Almal wat siek is en herstel na operasies - dat hulle die nabyheid van God sal ervaar. Ons dank die Here vir beterskap en genesing.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Bid saam met afgesonderde gelowiges in **Morokko** wat hul geloof alleen moet beoefen, fisiese aanvalle, arrestasie en tronkstraf in die gesig staar. Vra die Here om tasbaar teenwoordig te wees en Sy kinders se harte te vul.

Die derde kwartaal met die Bybel

Ons gaan die hele kwartaal fokus op die Bybel. Ons sewe weke met die Bybel begin op Sondag 14 Augustus. Begin nou om te bid en mense uit te nooi om in dié 7 weke deel van julle selgroep te word. Indien jy vir 7 weke deel wil wees van 'n selgroep, kontak Elizma Harmse by 083 940 5617.

Augustus 2022

7 Augustus - Die Bybel as goeie saad. (Mark 4:1-9; 13-20)

7 Weke met die Bybel begin

14 Augustus - Die Bybel as God se stem. (Jes 30:21; Heb 1:1-4, 3:7-19; Rom 10:5-21)

21 Augustus - Die Bybel as spieël. (Jak 1:21-25; 1 Kor 13:8-13; 2 Kor 3:12-18)

28 Augustus - Die Bybel as padkaart. (Ps 119:1-10)

September 2022

4 September - Die Bybel as handleiding vir die lewe. (2 Tim 3:14-4:5; 2 Pet 1:20-21)

11 September - Die Bybel as lig. (Ps 119:105, 130)

18 September - Die Bybel as swaard. (Heb 4:12-13; Efes 6:10-17; Open 1:12-16)

25 September - Die Bybel as heuning. (Eseg 2:10-3:2; Ps 81:17; Ps 119:103-104)

Hier is 'n lys met name en kontaknommers van die huidige selgroepe.

Dag	Tyd	Naam	Selleier/Kontakpersoon	Tel nommer
Maandag	19:15	Rose	André Barnard	082 921 8762
Dinsdag	19:00	Voetspore	Rian Viljoen	082 559 7648
Woensdag	18:30	Gazanias (Jong getroudes)	Heleen Malan	072 206 2856
	18:30	Vygies (slegs elke 2de week)	Sonja Tait	084 904 9047
	19:00	Papawars	Gert Harmse	082 906 6924

Donderdag	09:30	Welwitschias	Willie vd Merwe	083 295 1171
	19:00	Madeliefies	PC van Rooyen	084 960 6289
	19:00	Azaleas	Jean-Mari Oberholzer	083 657 9194
	19:00	Tulpe	Marlene Postma	082 787 4030
	19:00	Jong Volwassenes	Toit Wessels	084 240 2916
Sondag	18:30	Die Fontein	Ben Fourie	083 448 2137

Kraggakamma Gemeente Familie Kamp (30 Sept 2022 - 2 Okt 2022)


- Plek: Sitrusoewer River Camp, Kirkwood
- Koste: verblyf en etes gedurende die naweek is vir eie rekening. Die spesiale (#kraggakamma Familie kamp) tarief vir kamp staanplekke is R110/volwassenes en R70/skolier per nag

Indien jy nie wil kamp nie, maar eerder in 'n huisie wil bly, moet jy self by Sitrusoewer bespreek en jou deposito betaal. Die huisies is baie gewild en daar is beperkte plekke beskikbaar. 042 232 0503; <https://www.sitrusoewer.co.za/>

Aktiwiteite om na uit te sien:

- Kwaliteit tyd as gesin, swem, "night treasure hunt", roei, "masterchef" kompetisie, visvang, kamp vuur, "minute to win it", Pretdraf, Gesprekke oor God, die wêreld en die toekoms.

Kontak asseblief vir Ds. Toit Wessels indien jy die naweek wil bywoon of indien jy enige verdere inligting benodig.



Nuwe Lidmate

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|-------------|---|
| 7 Augustus | Kayleigh Buchner, Armand Greyling, Pierre Jacobs, Riaan Roelofse, Jackie van Heerden en Marlize Westraadt |
| 8 Augustus | Mario du Preez en Nicolene Wentworth |
| 9 Augustus | Christoff Bosch, Charl du Plessis, Christo Jooste, Mias Nieuwoudt, Igie Rademeyer, Magie Snyman, Anrich van der Westhuizen en Juantha Vorster |
| 10 Augustus | Boet de Beer, Neville Noble en Eunice van Biljon |
| 11 Augustus | Riette Jonker, Christa Kolesky, Dalena van Niekerk en Marius Winter |
| 12 Augustus | Brendan Capstick, Lucien Coetzee en Sienna Delpont |
| 13 Augustus | Marlene Rossouw, Leon Scheepers, Dick van der Spuy, FG van Wyk en Heilencia van Dyk |



Ons wens vir oom Dick van der Spuy geluk met sy 90ste verjaarsdag op Saterdag 13 Augustus.

Terugvoer van die bedieningsvraelys

'n Opsomming van die terugvoer van die vraelys wat ons vroeër hierdie jaar aan die gemeente beskikbaar gestel het, is reeds aan lidmate wat op die gemeente se Whatsapp groep is gestuur. Dit verskyn ook op ons webblad en is in die voorportaal beskikbaar. Kontak Niekie (041 361 1484) indien jy die volledige terugvoer wil ontvang. Indien jy by een van die volgende bedieninge wil betrokke raak, kontak asb ook met haar of een van die dominees:

- Dien op die kerkraad. (Op die kerkraadsvergadering van 31 Augustus is dit ons groot jaarlikse kerkraadsverkiezing en daar is 3 ouderling, 6 diaken en 10 dienswerker vakatures.)
- Gasvryheidsbediening – groet mense voor die eredienste in die voorportaal. Verwelkom nuwe intrekkers.
- Betrokke raak by 'n selgroep.
- Hulp verleen by die digitale bediening tydens die eredienste.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

